Prof. P. Pistorius

ENKELE GEDAGTES OOR DIE OPVOEDKUNDIGE ONDERBOU VAN ELSABE STEENBERG: *ENGEL MET 'N BESEMSTOK*

DIE GRENS TUSSEN LETTERKUNDE EN OPVOEDKUNDE MOET VIR VRYE VERKEER OOPGESTEL WORD.

Die erfenis van analitiese Griekse denke het die Weste in staat gestel om probleme in hulle samestellende dele op te breek en om vraagstukke stuk vir stuk op te los. Hierdie "meetkundige" of diagram- en fasetdenke het gelei tot die ontstaan van afsonderlike wetenskappe wat elkeeen die grense van sy veld van ondersoek jaloers afgebaken het. Dit het tot gedetailleerde ondersoek en tot groot vooruitgang gelei, veral op natuurwetenskaplike gebied.

Ongelukkig het dit ons aangemoedig om te vergeet dat die grense wat ons tussen wetenskappe getrek het, net *denkbeeldig* is. Daardeur het ons die werklikheid gefragmenteer en meegewerk dat elke afsonderlike wetenskap sy eie tuislandjie uitbou sonder om veel van die ander te weet.

Vandag word dit al hoe meer duidelik dat hierdie oormatige spesialisering verarmend werk. Mens kry die indruk dat die denke van ons tydvak begin wegbeweeg van die eertydse starre grense wat op allerhande gebiede gestel is en dat ons weer na die onverbrokkelde *geheel* wil begin kyk. Dié gedagte slaan op allerhande gebiede uit. In die politiek word organisasies gestig en magsblokke gevorm wat wêreldregering ten doel het, in die kerke het ons 'n oplewing van die ekumeniese beweging en in die ekonomie word die aandrang op wêreldwye herverdeling van rykdom al hoe sterker.

In hierdie artikel sal probeer word om oor één so 'n denkbeeldige grens heen te kyk. Dit geld die wetenskappe Letterkunde en Opvoedkunde.

Op die oog af is dit twee duidelik onderskeibare wetenskappe, so sonder formele raakpunte dat hulle in ons universiteite in twee verskillende fakulteite onderrig word. As ons die oogklappe verwyder wat ons net ons eie studiegebied laat sien, word dit egter in een slag byna ongelooflik duidelik dat die twee wetenskappe nie net bale met mekaar in gemeen het nie, maar trouens in 'n groot mate met mekaar deurweef is.

Om dit simplisties te stel: letterkunde vertel die verhaal van mense se vollediger menswording en van die hindernisse waarmee hulle daarin te doen kry. Daarom is dit feitlik 'n vorm van informele geskiedskrywing, al is dit nie die soort geskiedenis wat in amptelike kronieke of handboeke 'n neerslag sal vind nie. Dit speel voorts noodwendig in 'n sekere gebied en binne bepaalde maatskaplike omstandighede af, en hou dus ook verband met Aardrykskunde en Sosiologie. Daarom het dit 'n noue verband met alle ander menswetenskappe.

Maar miskien is die sterkste band wat Letterkunde aan 'n ander menswetenskap verbind, dié met die Opvoedkunde wat hom per definisie besig hou met invloede wat die kind se uitgroei na volwassenheid bevorder of belemmer.

Die grenslyn tussen die twee wetenskappe word in wedersydse belang byna voortdurend oorgesteek, seker meer uit 'n soort instinktiewe noodsaak as uit bewuste oorleg. Die feit bly: sonder die kind is enige menslike samelewing ondenkbaar. Waar 'n kind dus, in hoe 'n ondergeskikte rol ook al, in die letterkunde uitgebeeld of as moontlike leser in aanmerking geneem word, maak die skrywer noodgedwonge gebruik van kennis oor die opvoeding. Aan die anderkant onderneem die Opvoedkunde, en veral sy aktiewe arm die formele onderwys, inkoopreise oor die grens heen. Van kleins af leer ons naamlik die kinders gedigte en veral in die hoërskooljare speel voorgeskrewe letterkundige werke 'n belangrike rol in die leergang.

Die skrywer wie se werk daarvoor gekies word, betaal iets ekstra op sy huislening af en voel kinderlik verheug dat die literêre waarde van sy werk amptelike erkenning gekry het, maar in der waarheid het ons in die onderwys veral ander, nog gewigtiger maatstawwe wat ons keuse bepaal. Ons hoofdoel met die voorgeskrewe werke is naamlik om aan ons klandisie voorbeelde voor te hou van moontlike maniere waarop mense op 'n ordentlike wyse as volwassenes kan bestaan. In die meevoerende kamma-werklikheid wat 'n goeie gedig of 'n verhaal skep, spreek voorbeelde veel duideliker as ons eie voorskrifte. Die letterkunde is vir ons 'n *werktuig*: vir die kind in ons sorg is dit 'n brug na die lewe van die volwassene. Natuurlik spreek die letterkundige skoonheid mee want dit maak die brug se betreding uitnodigend. Die skool se prioriteit by die keuse van 'n voorgeskrewe werk is egter: waar mond die brug in die volwasse lewe uit? Daarom dat sekere romans, ongeag hulle literêre meriete, nie op skool voorgeskryf sal word nie — die kind moet

op daardie stadium van sy lewe liefs nog nie in aanraking kom met daardie vorme wat volwassenheid ook kan aanneem nie.

Ongelukkig word die verrykende simbiose van die twee wetenskappe op verskeie maniere aan bande gelê. Daar is maar altyd skrywers wat kinders sal uitbeeld sonder om die moeite te doen om te vra watter insigte die Opvoedkunde en sy hulpwetenskap Sielkunde hulle kan help verkry. Aan die anderkant bewandel baie Opvoedkundedosente selfvoldaan hulle pedagogiese weë sonder om ooit te dink aan die rykdom van gevallestudies wat in die letterkunde lê en waarmee hulle hul studente se lewe kan veraangenaam. In baie gevalle maak Opvoedkundedosente wel gebruik van koerantverslae oor hofsake waarin opvoedingsverwaarlosing 'n bydraende faktor tot misdaad was. Dit word egter selde gedoen m.b.t. literêre werke, hoewel die grens tussen 'n koerantberig en 'n letterkundige werk ook grootliks denkbeeldig is.

Waar voorgeskrewe werke in skole behandel word, word in baie gevalle boonop teen die opvoeding sowel as die letterkunde swaar en voortdurend gesondig. Miskien word daar teveel aandag aan tegniese besonderhede gewy — 'n rimpeleffek van die eksamenbeleid — en te min tyd bestee om die kinders te betrek by besprekings soos waarom die karakters in die boek juis sô opgetree het en hoe jammerlike gevolge vermy kon gewees het. As 'n matriekleerling daarby aan die einde van die jaar 'n eed neem om nooit weer 'n boek te lees nie, dan was die letterkunde-onderrig 'n mislukking, ongeag die getal A-simbole wat behaal is.

Van buite af oor die grens beskou, lyk dit vir die letterkunde-leek ook asof resensente van letterkundige werke oor die algemeen 'n teleurstellende onvermoë ondervind om opvoedkundige en sielkundige momente uit te lig waarsonder die verhaal nie ten volle begryp en waardeer kan word nie. Op sy beste kom mens wat 'n bevrugtende kruisbestuiwing vanuit ander wetenskappe behoort te wees omtrent net teë wanneer die onderliggende mitologie van 'n roman verduidelik word waarsonder die betrokke werk nie verstaan kan word nie maar waarmee die gewone leser nie vertroud is nie.

Dit is so dat enige verhaal wat die moeite werd is om te lees op minstens drie vlakke beweeg: eerstens op die konkrete verhaalvlak waar mens dit bloot ter wille van die storie lees, soos oppervlakkige speur- of span-

ningsverhale. Dieperliggend is die sielkundige motiewe wat aan die handeling ten grondslag lê, en dan is daar die kern van lewenswysheid wat dit behoort te bevat en wat in die leser se karakter 'n neerslag mag vind.

As opvoeders is ons veral met die laasgenoemde twee gemoeid wanneer ons 'n preskripsie uitskryf, terwyl die eerste hoofsaaklik as die suikerlagie om die pil dien.

Nou is dit egter so dat die meeste mense bloot vir die verhaal lees, en dat ons biblioteke se rakke vir negentig persent in beslag geneem word deur boeke wat slegs met dié doel geskryf is. Dit is tydverdryf-lektuur om nou te lees en môre nie meer te onthou nie. Wat mens blywend beïnvloed en jou lewe kleur, is die boeke wie se krag in die oordrag van sielkundige insigte en lewenswysheid lê. Met die karakters in sulke werke kan die leser identifiseer, d.w.s. hy kan hulle aanvaar as 'n moontlike vorm wat sy eie bestaan kan aanneem. Daarom dat die meeste wetenskapfiksie met hulle onaardse wesens so teleurstellend is. Ander massaverkopers maak weer vir hulle trekkrag staat op avontuur, seks en vae mensliewendheid. Kitsverkopers is gewoonlik doelbewus met die oog op verfilming en televisie geskryf wat 'n vervlietende en oppervlakkige boodskap oordra.

Verhale wat mens tref en wat kosbaar bly, is dié wat vanweë hulle sielkundige en opvoedkundige insigte onthou word of wat 'n besondere lewensbeskoulike inslag het. Nou is dit moontlik dat sulke insigte soos diamante tussen die gruis van die storie ongemerk by die leser kan verbygaan as niemand dit vir hom uitwys nie. Hier behoort ons resensente m.i. veel meer te doen as tans. Die feit bly: elke moeite-werd boek hét sulke dieptes.

Selfs sulke skynbaar eenvoudige vertellinge soos sprokies en feëverhale het dikwels groot verborge sielkundige en lewenswaarhede. So dui die bekende verhaaltjie van Sneeuwitjie glo op die sielkundig-opvoedkundige feit dat 'n vrou met 'n afwysende ingesteldheid 'n opgroeiende dogter se emosionele ontwikkeling diepgaande skade kan doen. (Die stiefmoeder is archetipies die simbool van die kindvyandige element in die vrou, terwyl die heks die algemeen mens-hatende verteenwoordig.).

In Sneeuwitjie se geval gee die stiefmoeder aan die dogter op wie sy

jaloers is, 'n vergiftigde appel om te eet. Nie net op die moderne T-hempies het die gehapte appel seksuele simboliek nie — ook in die apokriewe verhaal van die sondeval, wat in die gangbare wanopvatting seksuele betekenis gehad het, was die vrug 'n appel. Sielkundig vergiftig die kindvyandige vrou dus Sneeuwitjie se gemoed met skewe inligting oor liefde en seks. Die gevolg is dat die dogter lank skyndood is, d.w.s. emosioneel koud en dormant en nie in staat om lief te hê nie. Dan daag die prins op wat haar aanvaar net soos sy is, sy hoes die gifappel uit (vertel wat haar probleem is) en die mag van die liefde maak haar 'n lewende, liefdevolle mens.

Dieselfde motief kry mens by Doringrosie, wie se slaap deur 'n doringheining beskerm word waarin baie minnaars 'n treurige dood sterf (hulle verloor hulle selfagting, dalk selfs hulle lewe omdat hulle nie tot haar kan deurdring nie). Dan daag die regte minnaar op, soen haar op haar mond en sy word wakker.

Dit terloops en as motivering vir 'n beskouing oor die opvoedkundige onderbou van Elsabe Steenberg se verhaal "Engel met 'n Besemstok."

Hiervoor sal die ooglopendste voorbeelde van sielkundige simboliek uitgelig word, wel wetend dat dit uiteraard onvolledig sal wees en dat by die duiding van simbole soms ook ander vertolkings moontlik kan wees.

2 OPVOEDKUNDIGE ONDERBOU VAN HOOFSTUK EEN VAN DIE VERHAAL

Opvoedkunde en letterkunde werk albei met mense wat hulle in 'n bepaalde situasie bevind waarin hulle persoonlikheidsontplooiing aan bande gelê of gestimuleer word.

In hierdie geval is dit die elfde verjaardagpartytjie van Hannele Dellaert. Die dogter wou die partytjie nie gehad het nie en geniet dit nie, maar haar moeder het daarop aangedring. "As ek nie vir jou een gegee het nie, sou jy óók wel dikmond gewees het!" (p.10). Mens kry die indruk dat die geselligheid eerder ter wille van die moeder se gemoedsrus as om die kind te plesier gereël is, moontlik as 'n vorm van boetedoening, soos dikwels die geval is wanneer 'n kind emosioneel verwaarloos word.

Die hoofstuk begin met Hannele se gedagte-terugflits na die tyd vyf jaar

gelede toe hulle nog in 'n woonstel gebly het. Opvoedkundig is 'n kind se ontsnapping na 'n verbeeldingsland wanneer hy nie van die werklikheid hou nie, suiwer gesien. Hannele is 'n alleenloper. Met 'n leeftydverskil van ses jaar tussen haar en haar broertjie Tobias was sy in haar belangrikste vormende jare 'n enigste kind. Haar kunssinnige aanleg en individualistiese geaardheid laat haar ontuis voel waar uitbundige, oppervlakkige, liggaamlike genieting die toon aangee. "Skree en spring, arms en lywe en hare ... Onthou jy hoe almal op 'n hoop moes slaap by die kleuterskool?" (p. 5) Sy glip van die gedrang af weg na buite, verlang na oom Hannes wat sy in die woonsteltyd in die park leer ken het en wat haar as 'n persoon in eie reg aanvaar het, asof hy haar oupa was. Maar haar ma roep haar terug na die partytjie toe. Hannele gee aan haar opstandigheid uiting met gedagtes in tipiese kindertaal. "Sal wragtig nie antwoord nie ... Jig! ... simpel, kersies doodblaas as jy al elf is, wat dink sy?"

Die ongedifferensieerde wêreld van die kind word sielkundig suiwer gesien; sy is ongelukkig en haat daarom alles: die partytjie, die Januariehitte, dié blessit huis ver van die park ... (p.5) As sy die aand na die geselligheid, nog honger vir haar ouers se nabyheid wat sy nie ontvang het nie, gaan slaap, dink sy: "Dis so warm, ek spring weer op en gaan kyk by die venster na die sterre. Ag vrek, watse sterre, dis so dof teen die straatligte, jy sien hulle skaars raak. Simpel ou stad, simpel!" (p.14)

Dit is opvallend dat Hannele telkens wanneer sy ongelukkig is met haarself praat. Dan noem sy haarself Han, wat miskien 'n meer volwasse vorm voorstel van die afhanklike kind wat sy nog is. Die neiging van 'n eensame kind om vir homself 'n skadufiguur te fantaseer met wie hy kan kommunikeer, is oorbekend. In hierdie geval is dit aangehelp deur oom Jannes wat haar dit geleer het as 'n tegniek om 'n onaangename situasie die hoof te bied.

"Stadig, Han, onthou jy wat oom Jannes altyd gesê het. As jy so deurmekaar begin dink en jou gesig krap en voel of jy nie asem kry nie, dan hou jy óp! Dan dink jy weer alles stadig van voor af óór en jy maak of jy dit alles sien gebeur met 'n dogtertjie wat nie jy is nie!" (.8)

Met hierdie raad probeer oom Jannes haar daartoe lei om haar probleme kalm en objektief te beskou, om haarself te distansieer as die situasie emosioneel onhoudbaar word. Sy maak dikwels van dié tegniek gebruik en slaan dan in haar gedagte oor na 'n soort sprokie-weergawe

asof dit met iemand anders gebeur het: "Daar was eendag 'n dogtertjie ..." (p.8) Dit is egter 'n optrede wat op ontvlugting berus en wat die gevaar inhou dat dit die kind op die duur van homself kan vervreem. Hannele sou hiersonder seker egter nie die werklikheid die hoof kon gebied het nie.

Sy is materieel goed versorg, maar word emosioneel verwaarloos, veral deur die moeder. Die vader is 'n goedbedoelende maar betreklik oneffektiewe persoon; in opvoedkundige taal die afwesige vader. Hy word baie selde op sy naam genoem, moontlik 'n weerspieëling van hoe ver hy deur omstandighede onpersoonlik is. (Hy het sy oneffektiwiteit in gemeen met die vaders in baie sprokies en Griekse mites. En, sonder om die moderne teoloë wat groot dele van die Bybel as mitologie wil bestempel enigsins in hulle kwaad te sterk, kan dit van vaders soos Adam, Isak en Jakob ook gesê word. Dit stem tot nadenke).

Hannele is 'n gefrustreerde kind. Om jouself stukkend te krap is, net soos naelbyt, 'n teken van groot frustrasie. Dit kom daarop neer dat die kind homself aanval omdat hy ongelukkig is, en skuldig voel omdat hy ongelukkig is, want dis vir 'n kind natuurlik om met die ouer te identifiseer en hom gehoorsaam te wees. Mens moet dus vermoed dat daar 'n ernstige belangebotsing tussen Hannele en haar moeder is. Ander tekens van die dogter se frustrasie en die bekende vyandskap tussen kinders is dat sy haar boetie knyp en na hom skop (p.5) en aan tafel 'n nat waslap op sy kop smyt. (p.11)

In 'n plotseling oorgang uit Hannele se dagdromery, so skielik dat mens 'n paar keer moet terugblaai om seker te maak dat jy nie 'n bladsy oorgeslaan het nie, is daar op die partytjie 'n hewige en luidrugtige uitskel-botsing tussen Esma en Lien wat al van standerd een af mekaar se beste maats is.

Hierdie oorgang is so onverwags dat die leser moeite ondervind om te begryp wat gebeur. Dit pas egter in by die skielike opvlammings van humeur wat eie is aan kinders van daardie en jonger leeftyd. Mens lei af dat Lien vertel het wat Esma se ma aanvang terwyl haar pa in die buiteland is.

Ons sien Esma deur Hannele se oë: "Haar rok sit styf bo sodat jy behoorlik kan sien ... jig, kry sy nie skáám nie?"

Gaandeweg word dit, soos hieruit, duidelik dat die kern van Hannele se probleem daarin bestaan dat sy 'n afsku het in haar eie duideliker-wordende geslagtelikheid. Die walging wat sy vir haarself voel, projekteer sy op ander wat haar vooruit is in ontwikkeling. In 'n poging tot ontvlugting — as mens iets nie op sy naam noem nie, bestaan dit nie regtig nie — noem sy haar bottende borsies in haar gedagte knobbeltjies (wat boonop pyn). Van haar vyfjarige boetie sê sy: "ek kyk na sy dik lyfie soos hy uit die bad klim en dit lyk skielik vir my grillerig, die goedjies wat so hang — so onafgewerk of iets." (p.12). Sy dink aan haar onbekend ouma se portret: "Sagte gesig, en tog ... soort van sterk ook. Groot en sag voorlangs ook." (p.81)

Die vrees vir die eise wat ontwakende seksualiteit stel, is natuurlik eie aan die puberteit. By hierdie sensitiewe, alleenloper-dogter wie se moeder in gebreke bly om met haar te kommunikeer en haar daarop voor te berei, neem dit ernstiger as gewone afmetings aan. Dit kan as die hooftema van die boek beskou word.

Ná die breuk tussen Esma en Lien vra Esma vir Hannele om haar beste vriendin te wees. Ten spyte van haar afkeer van Esma se vroeë en blatante geslagtelikheid is die eensame Hannele dankbaar daaroor: sy sal nou nie meer gespot word sy is opstêrs as sy pouses alleen loop nie. Hier raak die skryfster een van die ergste vrese van kindwees aan: die angs vir verstoting vir nie-aanvaar-word deur die maatsgroep. Die moderne jeugkultuur spog met sy leuse van Doen jou eie Ding, maar dan doen hulle almal dieselfde ding, dra hulle hare eenders en trek eenders aan, 'n soort uniform wat hulle aanvaarding bewys. Dit gebeur dikwels dat 'n begaafde kind op skool baie middelmatig presteer, net om nie deur sy maats verwerp te word nie.

Uit opmerkings wat Esma se snobistiese ma oor háár ma (Diana) se jeugdige uiterlik maak (p.7) en die feit dat haar ma daaroor gesteurd voel (p.13) begin Hannele die afleiding maak dat haar ouers moés trou omdat haar ma swanger geraak het. Dit is vir eers nog net 'n ontstellende gevoel, maar in later hoofstukke word dit sekerheid.

Hannele is 'n eensame kind. Haar ma wil oor belangrike dinge nie met haar praat nie. Die dogter weet dat haar pa se ouers in 'n ongeluk dood is toe hy agt jaar oud was en dat hy by 'n knorrige tante grootgeword het (p.8). Het dié liefdelose grootword sy eie onvermoë om maklik liefde te betoon tot gevolg gehad? Was sy hunkering na liefde die oorsaak

van Diana se ontydige swangerskap? Hannele weet haar ma se pa is aan kanker dood, maar as sy na haar ouma verneem, wil Ma haar nie antwoord nie. "Nee, sy ... ag hemel, Hannele, moet tog nie so aanhou met 'n ding nie! Wat saak maak, is net dat jy haar nooit geken het nie!" (p.8). Hannele onthou dat hulle eenkeer, op pad see toe, met 'n ompad by haar ouma se tuisdorpie aangery het, dat haar pa daar wou aangaan, maar dat haar ma geweier het. Sy begin logies aflei dat haar ouma nog moet leef en sy verlang na haar: sy sou Hannele elf soene gegee het, en 'n varkie, en haar geliefie het. (p.9) Dit is raak geteken hoe die kind in hierdie leeftyd tot logiese oorsaak-en-gevolg denke begin kom nadat sy haar kinderjare in kenmerkende onvragende ontvanklikheid deurgebring het. Omdat sy 'n intelligente en sensitiewe persoon is, het die gevolgtrekkings waartoe die nuwe denke haar lei, 'n ontwrigtende invloed op haar.

Hannele voel deur haar moeder verstoot, ook omdat dié vir Tobias, haar boetie, voortrek. "Ma vat aan sy kop en frommel sy hare, wat ook donker is (soos Ma s'n; Hanna is lig). Almal wat hom sien, weet altyd hy's haar kind. Toe sien sy my en vat haar hand weg van sy kop en dis half of die gelag doodgaan." (p.10) Hannele is liggaamlik goed versorg, maar sy voel verwerp, en om deur die ouer verwerp te wees, is 'n nog verskrikliker ervaring as om nie deur die maatsgroep aanvaar te wees nie. Die moeder doen nie moeite om met Hannele te kommunikeer nie en ruim nie vir die kind tyd in nie. Wanneer Hannele die aand na ete vir die partytjie dankie sê, antwoord die moeder net: "Goed, Hannele" en begin water in die bak tap. Toe die moeder later gaan kyk of die kinders al slaap, wil Hannele met haar praat, maar haar ma val haar in die rede met "Lekker slaap. Sy loop al. Ek lê onder die laken met my oë styf toe, maar ek hoor haar na Tobias se kamer loop. Sy weet tog hy slaap, hoekom ... My ou seuntjie." (p.14) Dit is duidelik dat die moeder nie haar opvoedersplig nakom om haar dogtertjie te ken en voor te lig nie.

Ook wat haar pa betref is Hannele eensaam. Hy is 'n goedbedoelende maar oneffektiewe mens wat subtiel deur sy vrou geïntimideer word. Hy werk by 'n koerant, kom moeg tuis en studeer saans vir M.A. Hy was nie by die partytjie nie. "Ek was bang vir so baie meisiekinders bymekaar. Toe werk ek maar bietjie later." (p.10). 'n Man is net vir meisiekinders bang as hy vir sy eie, sy vrou, bevrees is. Nietemin lei Pa vir Hannele so goed as hy kan. Hy sien sy is naby aan hull oor die mislukte partytjie, daarom help hy haar opruim en sê sy kan gerus vir Ma ook gaan dankie sê wat hard gewerk het daarvoor. Dan kan sy solank

vir Tobias gaan bad. Pa sit intussen in die studeerkamer met 'n uitgawe van die koerant waar hy werk. Hannele sê: "Pa lees tog heeldag koerant, hoekom by die huis wéér?" (p.12) Hy verduidelik: by die werk sien hy dit net stuksgewys. Wat hy nie begryp nie, is dat sy kind hom eintlik 'n heeltemal ander vraag gevra het: "Hoekom lees Pa eerder koerant as om met my te praat?" Eintlik is dit een van die grondoorsake van die gebrek aan gesinskommunikasie: dat kinders dit te pynlik vind om hulle ware nood in woorde te stel en dit dikwels in simbole klee wat die ouers verkeerd vertolk. Dis kenmerkend dat Hannele daarop op sy knie klouter — 'n ander, kinderliker vorm van kontak. 'n Jong kind het 'n honger na aanranking as liefdebetoon. Maar haar ma roep iets, Pa lig sy koerant en Hannele wip af. Mens lei af dat die moeder met haar afwysende gesindheid in die gesin die toon aangee. Pa probeer sonder veel sukses om haar invloed op Hannele te versag. Dat hy egter nie heeltemal so 'n kleurlose persoon is as wat hy soms voorkom nie, blyk daaruit dat hy Hannele op 'n keer 'n pak gee omdat sy die hele middag weg was sonder om haar ma te sê waarheen sy gaan.

Ook ten opsigte van haar boetie Tobias (vyf jaar oud) is Hannele toenemend eensaam. Met hom het sy die kenmerkende kinderlike liefde/haat verhouding (p.12). In teenstelling met haar oorgevoelige, na-binne geaardheid het die seuntjie 'n ekstroverte geaardheid. Hy hou byvoorbeeld van die kleuterskool, soen Hannele skielik oorweldigend, en is so 'n ongekompliseerde, liefdevolle kind dat Pa ten spyte van sy moegheid en nadat hy vir Hannele gesê het hy moet gaan studeer, tyd inruim om met hom te speel. Hannele vervreem nou nog verder van haar boetie: sy kan nie meer met hom saam bad nie want hy sal vir haar knobbeltjies lag.

Ook t.o.v. die maatsgroep, wat 'n geweldig belangrike element in die kind se lewe is, is Hannele eensaam. Die ander spot haar dat sy opstêrs is as sy pouses alleen loop. As sy nie so eensaam was nie, sou sy nie daaraan gedink het om die aanstelling as Esma se beste-maat te aanvaar nie — die dogter se blatante vroegrypheid, haar snobisme en, soos later sal blyk, haar medepligtigheid aan haar moeder se immoraliteit, vervul Hannele met afsku. Maar die drang om êrens aanvaar te wees, is so sterk dat Hannele bereid is om die prys te betaal.

Die verhoogde status van beste-maat te wees, plaas Hannele egter voor 'n nuwe krisis: sy word uitgenooi om by Esma-hulle te gaan swem, maar

na 'n ervaring toe sy tydens 'n swemles byna verdrink het, het Hannele nooit weer gaan leer nie maar aan haar ma vertel dat sy baie goed vorder. Sielkundig is die vrees vir water, wat genot kan bring maar wat jou ook kan verdrink, 'n simbool vir die nuwe element van vroulike volwassenheid. Dit word dan ook, soos mens sou verwag, in later hoofstukke verder uitgewerk.

Ander volwassenes by wie Hannele 'n bemoedigende voorbeeld sou kon vind, ontbreek geheel. Die onderwyseres, mrs. Past Tense, is vitterig omdat Hannele se skoolwerk swak is. Opvoedkundig is dit wat mens in so 'n geval sou verwag: as gevolg van 'n gebrek aan liefde ontwikkel die kind ook 'n gebrek aan selfvertroue, dit ondermyn sy waagmoed met die leerstof en dit kom meermale tot uiting in leerprobleme wat meestal met dislexia verband hou.

Oom Jannes, wat vir haar soos 'n oupa was, het in die parkie in die middestad agtergebly toe hulle hierheen getrek het. Haar ouma leef dalk nog, maar haar ma wil om een of ander rede nie oor haar praat nie.

Ook Hannele se verhouding met God ly onder haar emosionele frustrasie. 'n Religieuse krisis kom natuurlik meermale tydens puberteit voor, maar in Hannele se geval word dit deur ander faktore vererger. "Moet nog bid. Maar nie op my knieë nie, nooit weer van tóé af toe ek die eerste keer so gelieg het (dat sy kan swem) nie. God vergewe 'n mens, maar nie as jy net áánhou met lieg nie ... Maar Jý verstaan, Liewe Heer? Jy is 'n bietjie soos oom Jannes, net nog liewer, en as ek na die sterre soek en ophou raas binne, hoor ek Jou stilte. Ek het vandag verjaar, weet Jy, en dit was nie eintlik lekker nie. Maar tog, vanaand 'n bietjie. Op Pa se knie ..." (p.14)

Mens besef selde hoe diep die ontwrigting gaan wat met emosionele verwaarlosing begin, en dat dit selfs die kern van die persoonlikheid kan uitkalwer.

In die aand ná die partytjie, toe hulle dink sy slaap al, hoor Hannele haar ouers rusie maak. "Dis weer sulke tyd. Net altyd saans as ek en Tobias in die bed is, dán. Eintlik is dit net Ma wat baklei, Pa skree nie terug nie ..." (p.13)

'n Kind het albei ouers nodig om mee te identifiseer (letterlik: om éénself mee te wees). Hannele moes by haar ma gesien het hoe om as vrou

op te tree. En in die spelende omgang met haar pa moes sy op 'n veilige manier leer hoe 'n soort wese 'n man is. Die disharmonie tussen ouers werk ontwrigtend op die kind: sy is emosioneel aan albei gebonde, maar moet één kies om haar die sterkste mee te vereenselwig, en implisiet moet sy die ander een verwerp. Hannele kan nie aan haar ma voorkeur gee nie, maar tas daarmee haar eie ongesteurde vrouwording aan: hoe kan mens iets heelhartig nastreef wat jou wegstoot?

Vanaand is daar 'n ander, ingrypende element in hulle rusie. "Elf jaar is ons al getroud," hoor sy haar ma sê, "elf jaar en 'n paar maande," Met haar nuwe deurbrekende logiese denke begin Hannele wonder of haar geboorte nie die oorsaak was dat haar ma nie haar kursus kon voltooi nie en nou vervelige tikwerk moet doen. Hier begin die dogter *bewus* word van die rede waarom haar ma haar nie aanvaar nie — as die kind nie gebore was nie, sou die moeder nie so 'n gefrustreerde bestaan moes voer nie.

In haar frustrasie en woede slaan die moeder harde, gemene houe. Haar man werk aan sy M.A., maar sy kan nie verder studeer nie. "B.Sc. is nie B.A. wat jy rustig tuis onder die knie kan kry ... nie ... Sal ons óóit uit die skuld kom met net jou salaris?" (p.14) Die wreedheid waarmee sy hom verneder en sy manlikheid aantas, spruit uit haar gevoel van vasgekeer te wees deur 'n onbegeerde kind waarvoor hý verantwoordelik is. Waar die ouer die kind se natuurlike heenleier na volwassenheid behoort te wees, voorspel so 'n negatiewe gesindheid in opvoedkundige sin teëspoed. Dis geen wonder dat Hannele bang is om 'n vrou te word nie, want dit kan soos 'n valdeur oor jou toeslaan. Daarom haat sy die tekens van haar volwassewording. "Maar hoe om my lê te kry as ek altyd op my maag geslaap het en nou kan ek nie meer nie, want ... die knobbeltjies. Party aande die een, dan weer die ander — so deksels seer, seker soos hulle groei. Ag, as ek hulle kon afsny of uitsny of iets, as ek net nie hoef groot te word nie! Ek wil nie, *wil nie,* ek is bang." (p.15)

Samevattend kan ons sê dat die partytjie- en die na-partytjie-situasie wat in hoofstuk Een geteken is, in opvoedkundige sin 'n baie ongesonde verhouding weerspieël waarin 'n intelligende en fyngevoelige dogter vasgevang is in dié leefjare wat buitendien as 'n krisistyd beskou word. Die puberteit word dikwels as 'n tweede geboorte bestempel: die lewe is daarna heeltemal anders, en die deurweg daarheen is vol pyn en gevaar. Die kind se identifikasie met sy ouers (wat tot uiting kom in die

jong kind se instinktiewe nabootsing van selfs hulle gebare en wat die aanleer van gewoontes so vergemaklik) berus daarop dat hy aan die begin van sy lewe nie 'n skeiding tussen hom en sy omgewing sien nie. In die puberteit begin hy egter al hoe meer 'n persoonlikheid in eie reg word wat besef dat hy anders is as hulle, en dit is 'n verontrustende en vereensamende ervaring. Wanneer 'n kind, soos Hannele, niemand het om as besielende wegwyser en heenleier na volwassenheid te dien nie, word die toestand gevaarlik.

3 OPVOEDKUNDIGE MOMENTE IN DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE VERHAAL

In hierdie afdeling sal slegs die belangrikste opvoedkundige temas wat in hoofstuk Een blootgelê is, verder nagespoor word.

3.1 Die tema van vrees vir vrouword

Die hooftema van vrees ontwikkel nou verder, maar kry ongemerk 'n positiewe toevoeging: Hannele se vasberadenheid om dié vrees te oorwin. Sy het 'n bo-normale teësin wat sy moet oorwin en kry geen hulp van haar ma nie en baie min van haar pa. Hoewel enkele persone haar wel waardevolle leiding gee — elke keer rustige, moederlike vroue soos Kallie se ma op die kleinhoewe, die swemafrigster mevrou Kritzinger, en die onbekende dame wie se foonnommer sy in desperaatheid skakel — is dit wesenlik haar eie drang tot selfontplooiing wat haar die moed gee om die teëspoed te bowe te kom. Hannele is nie net 'n fyngevoelige en intelligente kind nie, maar beskik ook oor ondernemingsgees en moed.

Op konkrete vlak is dit 'n boeiende verhaal, maar dit is veral die sielkundig-opvoedkundige onderbou wat dit so interessant maak.

Na aanleiding van Esma se uitvraery en skimpe word dit vir Hannele duidelik dat haar geboorte vroegtydig en onwelkom was. (pp. 19, 23, 36, 53) Haar pa vertel haar mettertyd dat Ma nie haar kursus kon voltooi nie omdat sy vir Hannele verwag het. Dit wek by die dogter 'n diepe skuldgevoel: "As ek nie gekom het nie — blessit sieklike babetjie — het hulle mos nie so baie geld nodig gehad nie. Dalk kon Ma dán ook verder en klaar geleer het ..." (p.54). Sy begryp dat haar toenemende vrouwording al hoe meer as 'n gevaar wat sterker kan wees as sy, 'n strik waarin sy ook gevang kan word. Omdat sy niemand het wat met haar daaroor

kan praat nie, sien sy geslagtelikheid as iets benede-mensliks. Kom mense ook op hitte (soos die varke op die kleinhoewe)? "Pa met *Ma*? Húlle kan mos nooit so iets ... Maar hulle moes. Ek is dan gebore en later Tobias! Minstens twee keer moes hulle ..."

Sy begryp nou dat Ma haar geboorte as 'n ramp belewe het, en dit nog so beskou. Enkele kere kom sy teen hierdie verwerping in opstand, soos wanneer sy haar ma se kat wurg. Oor die algemeen het sy egter 'n te inskiklike geaardheid om openlik in verset te kom; in 'n krisis probeer sy liewer ontvlug.

Haar teensin in haar situasie draai teen haarself. Sy walg vir die toenemende tekens van haar vrou-wording. "As hulle net aanhou met groei, en aanhou ... sál nie vir Ma sê nie, ek het geld, ek sal spaar en 'n groter rok gaan koop. En wat as ek later ... daardie ding wat Ma ook dra! Ek sál nie, hoe moet dit nou voel, 'n stywe ding hier om 'n mens!" (p.17)

Nou is dit opvallend en baie belangrik dat Hannele nie 'n weersin het in vrouwees self nie. Sy voel gelukkig by moederlike, rustige vroue. Haar onbekende ouma, wat in die dorpie Ouhoutberg by 'n bos woon — die woud is archetipies die simbool van lokkende vroulikheid en wonder en geborge-wees — is haar vroulike ideaal. Sy droom dikwels van die ouma wat haar sal liefhê. Maar telkens as sy in haar droom na haar ouma probeer gaan, vee 'n groot blinkwit figuur haar met sy vlerke weg en slaan haar met 'n besemstok. Hier het ons natuurlik met die paradys-simboliek te doen, maar die besemstok i.p.v. die vlammende swaard van Génesis dui daarop dat dit 'n vrou is wat tussen haar en haar natuurlike ideaal van rustige vroulikheid staan. Ma, Hannele se onmiddellike vóór-beeld van wat haar eie vroulikheid kan wees, staan met haar gefrustreerde, negatiewe gesindheid in die dogter se pad in plaas van haar te help. Die moeder kan haarself nie vergewe dat sy aan haar drange toegegee het nie. Toe Pa op 'n keer vir haar 'n ruiker blomme bring met 'n troudagherdenking, het sy al die wittes uitgehaal omdat sy dit nooit verdien het nie. (p.20). Hannele is vir haar moeder nie net 'n gedurige verwyt dat sy haar loopbaan weens 'n onbesonne daad moes prysgee nie: dit gaan dieper — die kind is vir haar 'n blywende herinnering aan 'n sedelike oortreding. Daarom kan sy Hannele nie in liefde aanvaar nie: die Bybelgebod om ander net so lief te hê soos jouself, bevat benewens 'n opdrag ook die belangrike sielkundige waarheid dat wie met homself nie vrede het nie, ook nie 'n ander met openheid kan

benader nie.

Waar die ouer as identifikasiefiguur (wegwyser of vóór-beeld) faal, kan die kind in baie gevalle tog nog volwassenheid bereik danksy voorbeelde in sy maatsgroep wat nader bakens op die pad na volwassenheid verteenwoordig. Ook hier is Hannele egter in nood: sy is 'n individualistiese persoon sonder intieme vriendinne. Haar sogenaamde beste-maat, wat haarself aan Hannele opgedring het, is die vroegryp en narcistiese Esma wie se vulgêre liggaamlikheid Hannele afstoot. "Toe ek terugkyk, het Esma haar rok en onderklere uitgetrek; sy staan kaal voor die spieël na haarself en kyk. Eers word ek rillerig, dan stoot die warmte op teen my keel en tot oor my voorkop, die sweet loop teen my neus af. Dis nie knobbeltjies wat sy het nie, dis ... groot en rond al, met donker kolle vóór. Borste. Sy druk haar arms daarteen dat hulle vetter en ronder word, met 'n diep keep tussenin ... kroeserige hare onder die naeltjie ... Sal ék ook anderdag só ... Ek wil nie wil nie wil nooit óóit ..." (p. 41, 57) Dis opvallend dat Hannele die term *borste* net van Esma gebruik. Die vroue wat sy bewonder is sag voorlangs, en haar eie is knobbeltjies. Sy vereenselwig borste met die blatant liggaamlik-vroulike wat haar afstoot. Wat Hannele afstoot, is nie vrou-wees as sodanig nie — dit is die proses van vrou-word, die sogenaamde tweede geboorte wat die puberteit is — en veral die gelykstelling van vrou-wees met gevangenheid in liggaamlike drang alleen, met op hitte wees, soos die varke op die kleinhoewe.

As 'n sensitiewe kind wat in verset kom teen die skool se kollektivisme en voorskriftelikheid (pp. 16,19,21), voel Hannele in die kern van haar persoonlikheid bedreig deur 'n vroulikheid wat niks meer as die dwang van liggaamlikheid sal wees nie. Om die aanbreek van dié noodlot te probeer vertraag, laat sy haar hare soos dié van 'n klein dogtertjie sny (p.44). Dat sy dit nooit soos 'n *seun* s'n laat sny nie, bewys dat sy ten spyte van alles haar eie vroulikheid nie verwerp nie.

Haar afsku vir die liggaamlik-seksuele kom telkens in simboliese vorm na die oppervlak. Sy teken "vrouens, kaal. Ek gee vir hulle hare onder die mae, en borste wat punt staan met sogtepeltjies vooraan ... Toe spoeg ek daarop ..." (p.60). By Hannele het die normale vrees vir volwassewording 'n patologiese omvang aangeneem.

Wanneer sy ontydig by Esma kom, wie se pa op 'n buitelandse sakereis is, hoor sy 'n man by Esma se ma in die slaapkamer lag. (p.63) Die

huigelagtigheid van hierdie hooghartige vrou is vir Hannele 'n verdere skok, maar dit bring haar terselfdertyd tot dieper insig in haar vriendin en in haar eie ma se gesitueerdheid: "Arme Esma, hoe moet sy vóél ... *Ma* sal nooit so iets doen nie, nooit." (p.98) Dit spreek boekdele vir Hannele se karaktervastheid dat sy ten spyte van alles haar ideaal van menswaardige vroulikheid nooit prysgee nie. Wat dit haar kos, kan mens aflei onder andere van die talle kere wanneer sy die werklikheid so onhoudbaar vind dat sy dit tot 'n sprokie moet verkamma en haarself van die eerste na die derde persoon verplaas: Daar was eendag 'n dogtertjie ...

3.2 Die tema van die varkie

Oom Jannes se vertelling van die varkie wat hy kleintyd op die plaas gehad het, het hy Hannele die begeerte aangewakker om ook een te hê, maar nou woon hulle in die stad. Sy koop egter in die geheim op 'n kleinhoewe 'n varkie wat sy Abrahamina noem (p.26). Haar ouers dwing haar om die diertjie terug te neem. Die goedige boervrou en haar seun bied aan dat die varkie teen geringe vergoeding by hulle kan loseer. (pp.34,37,38) Hierdie varkie is Hannele se geheime geluk en sy offer baie gerief op om die diertjie te besoek en vir haar te sorg. (p.44). Wanneer 'n ander krisis oorweldigende afmetings aanneem, verkoop sy nietemin die vark om die geld te kry wat sy nodig het.

In sekere sin sou mens kon sê dat die varkie die simbool is van die kinderlike geluk wat Hannele nooit geken het nie. Sy moet dit vir haar ouers geheim hou omdat sy paradoksaal skuldig voel dat hulle nie gesorg het dat sy gelukkig is nie en omdat hulle dit met hulle negatiewe gesindheid dit nie kan aanvaar nie. Uiteindelik besef sy dat hierdie soort geluk nie vir haar beskore is nie. "Ek onthou die varkhok ... en dat ek miskien weer eendag 'n vark mag hê maar dat dit nooit weer Abrahamina sal wees nie." (p.108)

3.3 Subtemas

Ander subtemas is Hannele se vrees vir water en daarteenoor haar vasberadenheid om te leer swem. Simbolies verteenwoordig dit haar vrees vir die aanvaarding van haar vroulikheid (die vreemde en onvaste element) en haar onbewuste verlange daarna.

Toe hulle nog in die woonstel gebly het, het haar ma haar swemlesse

laat neem. Die afrigster, 'n vrou met 'n rok waarvan die soom nat was (simbolies 'n persoon wat self nie haar vrou-wees ten volle aanvaar het nie), het Hannele by die diep kant laat inspring (haar 'n te vroeë en afskrikkende beeld van seksualiteit gegee, miskien net deur die voorbeeld wat sy gestel het) sodat die kind 'n neurotiese angs vir water oorgehou het. Om haar moeder ter wille te wees, het Hannele haar vertel dat sy baie goed vorder (sy verberg die feit dat sy haar naderende seksualiteit vrees). In werklikheid kruip sy weg as daar swemlesse is (sy probeer haar volwassewording ontvlug). Noudat sy met Esma maats is, nooi Esma se ma haar om in hulle swembad te gaan swem. (Simbolies sal sy, 'n owerspelige vrou, aan die kind háár beeld van seksualiteit voorhou). Hannele voel Esma sou haar kon leer swem, maar sy het nie die moed om te erken dat sy niks van swem weet nie. Toe daar later nie meer uitkomkans is nie, kry Hannele 'n kramp en gooi op voordat sy kan inspring. Hier is weer 'n ontvlugtingsmeganisme aan die werk, met braking as simptoon van verwerping: sy kan haar met dié soort losse seksualiteit nie vereenselwig nie.

Om nie te kan swem nie neem later krisisafmetings aan en Hannele reël op haar eie, met dieselfde doelbewustheid en organisasievermoë waarmee sy die varkie gekoop het, swemlesse by mevrou Kritzinger. Dié is 'n moederlike tipe vrou wat self in die water is met 'n baaikostuum aan as sy haar leerlinge onderrig. (Simbolies: sy is 'n vrou wat ten volle tuis is in haar vroulikheid) Mevrou Kritzinger aanvaar dit as vanselfsprekend dat Hannele nie kan swem nie; sy leer haar ontspan en eers aan die vlak kant die water gewoond raak. (Simbolies stel sy die kind, slegs deur haar voorbeeld, op haar gemak betreffende haar toekomstige vroulikheid) Uiteindelik moet Hannele tog in diep water inspring, maar die afrigster hou vir haar 'n besemstok waaraan sy kan gryp as sy bang word. (Hier slaan die simboliek van Hannele se angsdroom en van die Génesisverhaal óm en neem 'n positiewe betekenis aan). Hannele word weer deur angs oorval, sluk water en wil vlug, maar mevrou Kritzinger laat haar dit nie toe nie en dwing haar met liefdevolle dissipline om weer en weer in te spring totdat haar vrees verdwyn, want uiteindelik moet die dogter vrou word.

Wanneer Hannele nie die geld het om vir die swemlesse te betaal nie, ontstaan daar nog 'n krisis. Mevrou Kritzinger sê sy gaan Hannele se ma sien, nie om moeilikheid te maak nie, maar omdat sy voel daar skort iets en sy wil die dogter help. Nou is Hannele diep in die moeilikheid. Sy besef dat haar drome van kindergeluk (die varkie) en haar swemlesse

(haar groeiende begrip en aanvaarding van wat vroulikheid kan behels) vir haar moeder geheim gehou moet word omdat die moeder dit nie sal begryp nie. Boonop het haar ouers uitgevind dat sy klein bedrae steel (om vir haar varkie se onderhoud te betaal) en dat sy weens swak skoolwerk stokkies draai. Diefstal, verswakkende skoolwerk, uithuisigheid en stokkiesdraai is uiterste gevaartekens van opvoeding wat skeef loop — 'n kind wat sy skoolwerk verwaarloos, het groter probleme as dit.

Met haar karaktervastheid neem Hannele 'n besluit en voer dit onmiddellik uit: sy verkoop haar varkie terug aan die boervrou en sal die geld gebruik om vir haar swemlesse te betaal. Simbolies gee sy haar aanspraak op kinderlike geluk prys om haar voor te berei vir volle aanvaarding van haar vroulikheid. Mevrou Kritzinger het bedenkinge oor waar die geld vandaan kom en sê sy gaan Hannele huis toe neem en met haar ma praat. Nou is die skrif vir Hannele aan die muur. Sy het intussen op briewe afgekom wat haar pa en haar ouma aan haar ma geskryf het toe Diana met Hannele swanger was; daaruit weet sy nou waar haar ouma woon. Sy het een aand ook gehoor haar ouers bespreek die moontlikheid om haar na 'n koshuis te stuur omdat sy so onregeerbaar word. Vir die opeengedronge lewe sien sy nie kans nie.

Hannele se ouers het intussen seksuele en huweliksmoeilikhede ontwikkel a.g.v. die verdeeldheid oor hoe om teen die dogter op te tree. Haar pa het haar 'n slag 'n pak gegee omdat sy sonder om haar ma te sê 'n hele middag lank weg was toe sy vir haar vark gaan kuier het. Maar hy kan sy vrou se voorneme om Hannele na 'n koshuis te stuur nie steun nie want hy weet hoe dit haar sal tref. "Skielik buk hy en soen my; hy maak 'n geluid soos 'n kreun of ... nee jig, 'n pa sal mos nooit huil nie." (p.83) Noudat Hannele merk watter ernstige probleme sy vir almal veroorsaak het, loop sy weg na haar ouma toe. Met die varkie se geld koop sy 'n treinkaartjie.

Die brief wat haar ouma aan haar ma geskryf het en wat Hannele gelees het, is 'n belangrike keerpunt in die verhaal. Die ouma raai die twee jongmense daarin aan om die baba (Hannele) te laat aanneem. Nou vra Diana egter toestemming om met Tobie (Hannele se pa) te trou, "omdat hý volstrek weier om sy vlees en bloed af te staan ... Wat dan van jóú? Jou loopbaan, jou hele lewe?" 'n Huwelik sal hulle hele lewe totaal uit koers dwing; die kind sal nie 'n onbelemmerde kindwees hê nie. Hulle moet egter self besluit. Dan eindig sy met "Liefde soos altyd, Mammie." (p.85)

Hannele se reaksie op die brief is miskien die enigste in die boek waaroor mens vanuit sielkundige oogpunt sou kon twyfel. Mens sou verwag dat die dogter dit as 'n volledige verwerping van haarself sou beskou deur die één vrou wat sy werklik geïdealiseer het en dat sy daardeur totaal ontredder sou wees in 'n soort sielkundige abortus.

Die brief het egter presies die teenoorgestelde uitwerking, nie net omdat Ouma se liefde vir Ma "soos altyd" bly nie, maar omdat haar ouers haar albei lief genoeg gehad het om hulle gerief en hulle loopbane om haar ontwil prys te gee. (p.89)

Op die trein droom Hannele weer haar ou angsdroom. Maar hierdie keer verset sy haar teen die engel en gryp die stok uit sy hand. "Skoon verstom kyk ek daarna en ek wonder wat moet ek daarmee doen. Sal ek begin slaan, bome en klippe en blinkwit vlerke; sal ek dit net styf vashou en die bos inhardloop —" (p.94) Hannele ontdek die krag wat in haar wil en vasberadenheid lê.; vorentoe sal sy nie weer magteloos wees nie.

Haar ouers spoor haar op, telefoneer haar ouma en dié ontmoet haar op die stasie. Hannele se ma het koppig nooit met Ouma in verbinding getree of haar adres aan haar verstrek nie omdat sy nie kans gesien het om te erken dat haar huwelik ongelukkig is nie. Nou is sy dankbaar vir die geleentheid tot versoening. Hannele se vlug word die lankbegeerde katalisator wat die verstarde verhoudinge weer vloeibaar en verdere groei moontlik maak.

Toe Ouma hoor Hannele is op pad na haar toe, het sy vir Ma gesê: Moenie haar keer nie; laat haar die reis voltooi. (p.102) Sielkundig is dit 'n reis wat die dogter na haar wortels én na haar toekoms onderneem; daardeur word sy meer volwasse: sy verlaat haar kindheid en gaan op reis na haar ideaal van vroulikheid toe. Ouma vryf en vryf die hare van die dogter wat sy nou eers uitvind haar naam het. Uiteindelik is daar die begeerde bloedkontak, die geestelike naelstring na die verlede wat 'n kind moet hê om moedig die toekoms tegemoet te gaan. En skielik is Hannele volwasse genoeg (sy praat nooit meer met haarself as Han nie) om te sê sy oorweeg dit om haar hare weer te laat groei, want sy is nie meer klein nie. (p.104)

Ouma sê Hannele se ouers sal haar kom haal. Die dogter antwoord sy sal nie teruggaan nie. Ouma stel voor dat almal eers saam daaroor

praat en dat Hannele dán besluit. Maar "julle is 'n pa en 'n ma en kinders, julle hoort bymekaar." (p.105) Elke gesinslid het die ander nodig vir sy verdere persoonlikheidsontvouing.

Hannele sien haar ouers se koms met vrees tegemoet. Die oggend voordat hulle kom, loop sy alleen die bos in en lê lank tussen die bome op haar gesit. Sy besef dat haar drome van kindergeluk vir goed verby is (p.108). Dan besef sy meteens dat God liefde is, dat Hy orals is soos die mistigheid wat ongemerk opgekom het. Dis 'n bevrydende en versterkende gedagte, want sy kon nooit van haar geloof in Hom afsien nie. Toe Esma op 'n keer met godsdiens gespot het, was Hannele se reaksie: "Ek sê niks. Ekskuus, Liewe Heer, ek is sleg soos gewoonlik, maar ek wil nie graag uitgelag word nie." (p.48)

Met die moed van die sekerheid van God se liefde (wat die lewensbeskoulike kern van die verhaal vorm) draf sy deur die bos na waar haar ouers se motor vir haar wag. Eenkeer wil sy omdraai en vlug, maar dan tel sy 'n tak op vir 'n rietperd om daarop terug te galop na Pa en Ma toe, soos op 'n engelstok waaraan mens jou uit verdrinking kan optrek en jouself verdedig. So gee Hannele, skynbaar lughartig en spelenderwys, haar laaste toevlug prys en maak sy van haarself weer 'n kind ter wille van haar ouers. Sy gaan na hulle terug, innerlik bevry van haar vrees, volwasse genoeg om hulle vrese te begryp en hulle ten spyte daarvan lief te hê.

4 TEN SLOTTE

Aan die einde, as ons terugkyk oor die verhaal van Hannele Dellaert, staan ons skielik weer voor die sprokie van Sneeuwitjie en van Doringrosie. Net die ontknoping verskil op één belangrike punt. Vir Hannele is dit nie die liefde van 'n man wat haar red nie, maar dié van 'n vrou (die besemstok). Eintlik lê die helende krag van die liefde hier nog dieper as in 'n enkeling-persoon: Hannele se oorwinning oor haar vrese is bevorder deur vroue soos haar ouma, maar in sy diepte is dit Hannele se intuïtiewe aanvoeling van wat volle vroulikheid kan wees en haar getrouheid daaraan wat haar bevry — dié vroulikheid wat God vir haar beskik het en waarheen Hy haar in Sy liefde lei.

Die skrywer van hierdie artikel ag homself nie bevoeg om oor die literêre waarde van die verhaal te oordeel nie, maar Elsabe Steenberg het hier 'n opvoedkundig en sielkundig oortuigende beeld gegee van 'n gekwelde

dogter wat onder moeilike omstandighede haar deurbraak na volwassenheid voltrek, en daarmee het sy 'n waardevolle bydrae gelewer tot die gewone leser se kennis van die kind en sy opvoedingsnood.

Daarby het verhale soos hierdie, wat letterlik met suiwer opvoedkundige insigte kombineer, die besondere verdienste dat dit 'n bydrae lewer om die star Griekse diagram-denke te help vervang met 'n soepeler soort wete — 'n denke wat miskien reeds deur die laser-hologram versinnebeeld word waar skynbaar vaste buitelyne verskuif en in oorgange verander namate mens die veld verken.

PRIMÊRE BRON

STEENBERG, ELSABE. 1975 : Engel met 'n besemstok. Kaapstad en Pretoria: Human en Rosseau